*2004 Tydskrif vir Regswetenskap 29(2): 147-166*

*R Botha*

# Die ontoereikende beskerming van sekswerkers in die Suid-Afrikaanse reg, gesien teen die agtergrond van geweld waaraan hulle blootgestel word


## Opsomming

Hierdie artikel fokus op die teenwoordigheid van geweld in die lewensverhaal van elke sekswerker en die problematiek daarmee gepaardgaande. Die meeste sekswerkers ervaar geweld (deur hul kliënte of hulle koppelaar) op 'n daaglikse basis in die uitoefening van hul tans, onwettige, beroep. Hierdie werkers se vrees om self vervolg te word, verhoed hul egter om hierdie geweldsmisdrywe te gaan aanmeld. Dit laat sekswerkers tans in 'n posisie waar hul oorgelaat is aan hul eie, selfontwerpte voorsorgmaatreëls teen geweld, wat tot dusver onsuksesvol was. Met statistiese gegewens en voorbeelde van geweldsvoorvalle saamgevat in die artikel, is dit die skrywer se doel om die erns van hierdie probleem te beklemtoon en word die dekriminalisering van prostitusie in Suid-Afrika as die enigste oplossing aanbeveel.



## The inadequate protection afforded to sex workers under South African law, viewed against the background of the violence to which they are exposed

This article has as its focus the presence of violence in the life story of every sexworker as well as the attendant problems. Most sexworkers experience violence (from their clients or their pimp) on a daily basis in the pursuit of their presently illegal occupation. The fear of prosecution prevents these workers from reporting violence-related offences committed against them. This currently leaves sexworkers in a precarious position where they have to rely on their own, self-created precautionary measures against violence, which up to now have proven to be highly unsuccessful. By means of statistical information and a review of some violence-related incidents, it is the author's intention to highlight this problem and to recommend the decriminalisation of prostitution in South Africa as the only feasible solution.


*Mev R Botha, Departement Straf- en Geneeskundige Reg, Fakulteit Regsgeleerdheid, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein 9300.*

## 1. Die huidige regsposisie van sekswerkers in Suid-Afrika

Die toekoms van sekswerkers in Suid-Afrika is in die onlangse saak van *Ellen Jordan v S*[1] (waarin die grondwetlikheid van die voortbestaan van prostitusie en die bedryf van bordele as misdrywe, onder die soeklig geplaas is) bepaal.

Hierdie saak[2] is na die Grondwethof vir finale beslissing verwys nadat regters T.T. Spoelstra en J. Webster van die Hooggeregshof van Pretoria in Augustus 2001 bevind het dat dit ongrondwetlik is om seks teen betaling tussen twee volwassenes te verbied.[3] Die saak het op 5 en 6 Maart 2002 voor die elf regters van die Grondwethof gedien en die uitspraak het op 9 Oktober 2002 gevolg.

Daar was eenparigheid onder die elf regters wat bordele betref. Daar is beslis dat die artikel wat bordele tot misdryf verklaar, aan alle grondwetlike vereistes voldoen en dus op die wetboek sal bly.[4] Wat die grondwetlikheid van prostitusie as 'n bestaande misdryf betref, was daar egter verdeeldheid onder die elf regters. In 'n naelskraap beslissing van ses teen vyf is daar besluit dat: "die oudste beroep ter wêreld steeds in 'n wolk van misdadigheid sal bly voortleef!"[5]

Die vraag wat hier besprekingsaandag sal geniet, is of die huidige kriminalisering van prostitusie in verband gebring kan word met die voorkoms van geweld in die sekswerker se lewe.

## 2. Wat behels die begrip "geweld?"

Voordat daar egter in meer besonderhede na die voorkoms van geweld by prostitusie gekyk sal word, is dit belangrik om te verstaan watter vorme van gedrag onder die woord "geweld" tuishoort. Volgens die *United Nations Declaration on the Elimination of Violence against Women*,[6] word geweld teen vroue as volg gedefinieer: " … any act of gender-based violence that results in, or is likely to result in, physical, sexual or psychological harm or suffering to women." Watts en Zimmerman[7] is van mening dat alhoewel hierdie definisie wyd is, dit geweld as enige handeling wat werklike of potensiële skade tot gevolg het en wat sy oorsprong in geslagsongelykheid het, weergee. Hulle noem 'n paar voorbeelde van die term "geweld" soos dit in die praktyk voorkom. Hierdie voorbeelde is as volg: spesifieke kulturele vorme van misbruik soos byvoorbeeld die verminking van vroulike genitalieë, bruidskat moorde, die gooi van suur, die sogenaamde "honour killings"[8] asook gesinsgeweld, wat

---

1 CCT 31/01.
2 *S v Jordan and Others* 2002 (1) SA 797 (T).
3 Schoeman 2002:7.
4 CCT 31/01 paragraaf 1 p2.
5 De Bruyn 2002:11.
6 Watts & Zimmerman 2002:1232.
7 2002:1232.
8 Die doodmaak van 'n vrou wie haar familie in die skande gebring het.

verskillende vorme van geweld soos byvoorbeeld aanranding, moord en verkragting insluit.[9]

Die vorme van geweld wat hoofsaaklik op prostitusie van toepassing is en waarna in meer besonderhede gekyk gaan word, sluit in fisiese aanranding en/of moord, verkragting en die roof van sekswerkers. In die uitoefening van haar daaglikse taak bevind die vroulike sekswerker haarself verder in die kloue van twee addisionele groepe potensiële geweldstoedieners waaraan die gewone vrou op straat nie blootgestel is nie, naamlik haar kliënte en waar van toepassing, haar koppelaar.[10] Volledigheidshalwe sal beide geweld toegedien deur kliënte en koppelaars bespreek word, terwyl die misbruik van sekswerkers deur die polisie, ook kortliks aandag sal geniet.

## 3. Waarom meld sekswerkers as slagoffers van geweld, nie hierdie misdrywe aan nie?

Deur polisierekords na te slaan ten einde 'n begrip te vorm van die werklike statistieke van geweld (aanranding, verkragting en ander soortgelyke misdrywe) by prostitusie betrokke, sal 'n vermorsing van tyd wees. Volgens Watts en Zimmerman[11] word geweld wat teenoor vroue gepleeg is, oor die algemeen (omtrent wêreldwyd) selde aangemeld.

Van die redes waarom geweldsmisdrywe teenoor sekswerkers nie aangemeld word nie, is onder andere die volgende:

1. Soos reeds in die inleidende paragraaf aangedui, bepaal die huidige Suid-Afrikaanse regsposisie dat prostitusie in ons land steeds as 'n grondwetregtelike misdryf sal voortbestaan. Gevolglik kan sekswerkers steeds strafregtelik vervolg word indien hul seksuele dienste in ruil vir vergoeding aanbied. Met die wysiging van die *Wet op Seksuele Misdrywe*[12] in 1988 kan die polisie, prostitusie nou selfs meer doeltreffend bekamp. Verpligte tronkstraf van tot drie jaar en 'n boete van tot R6 000 is nou moontlik.[13] Die vrees om self vervolg te word tydens die aanmelding van aanranding, verkragting, roof en so meer teenoor sekswerkers gepleeg, kan dus 'n wesentlike rede wees waarom prostitute tans huiwerig is om hierdie voorvalle by die polisie te gaan aanmeld.

   Volgens 'n studie deur Maureen Norton-Hawk,[14] is die vervolging (arrestasie) van vroulike straatprostitute egter teenproduktief en selfs verantwoordelik vir 'n groter voorkoms van geweld in die uitvoer van die prostituut se werk. In die jurisdiksiegebied wat deur Norton-Hawk bestudeer is, is die beleid van inhegtenisneming van prostitute oor 'n tydperk van twee eeue (twee honderd jaar) toegepas, sonder dat dit 'n afname in die hoeveelheid

9 Watts en Zimmerman 2002:1232.
10 'n Man wat van die winste van prostitusie leef. Soos deur Scholtz 1997:20.
11 2002:1232.
12 23 /1957.
13 Oosthuizen en Louw 1988:1.
14 2001:403.

persone wat tot prostitusie as beroep toegetree het in die gebied, tot gevolg gehad het.[15] Behalwe vir die sukseskoers wat met inhegtenisneming as voorkomingsmaatreël bereik is, het arrestasie ook verder volgens Norton-Hawk tot gevolg dat hierdie sekswerkers gedwing word om nou hul daaglikse take in die skadu's te verrig.[16] Soos een historikus opgemerk het:

> places where prostitutes solicited, were off limits to respectable women, were in the least desirable neighbourhoods, and were associated with crime and violence.[17]

Ten spyte van hierdie mislukking en negatiewe gevolge word daar vandag steeds in vele lande en ook in Suid-Afrika gepoog om prostitusie deur middel van strafsanksies teen te werk.

2. Die sekswerkers wat wel genoeg moed bymekaar skraap om gevalle van geweldsmisdrywe teenoor hul gepleeg te gaan aanmeld (en sodoende die risiko van vervolging in die gesig staar), kry verder dikwels 'n koue skouer in hul soeke na geregtigheid. Volgens Farren,[18] het 'n ses-en-dertig jarige Bernadette wat met 'n geweer in die mond deur voorgehoue kliënte verkrag is, terwyl visdraad om haar nek en 'n plastieksak om haar kop gebind was, (dankbaar dat sy nog lewe) met die motor registrasienommer van haar aanvallers na die polisie gegaan om die saak te gaan aangee. Die polisiebeampte aan diens se opmerking was as volg: "Not to bother, we will never find the men. Anyway, you were asking for it in the first place."[19] Volgens 'n studie, geloods deur Illse Pauw[20] moet baie sekswerkers in Kaapstad, sogenaamde "protection money" aan polisiebeamptes betaal om sodoende nie vervolg te word nie.[21] In sommige gevalle het sekswerkers daarvan gekla dat hul gedwing is om seks met polisiebeamptes te hê ten einde nie gearresteer te word nie. Verdere navorsing deur SWEAT[22] het voorvalle aan die lig gebring waar sekswerkers deur die polisie verkrag is wanneer hul laasgenoemde se hulp probeer inwin het, of deur die polisie opgelaai en verkrag word voordat hul na die polisiestasie toe geneem word.[23] 'n Onlangse verklaring wat deur SWEAT van 'n sekswerker in die Wes-Kaap ontvang is, waarin sy bevestig het dat sy deur 'n polisiebeampte verkrag is, is maar een van bogenoemde voorbeelde. 'n Opmerking van 'n ander prostituut (wat 'n paar maande tevore verkrag is) in die Faure omgewing, was as volg:

15 Norton-Hawk 2001:404.
16 Norton-Hawk 2001:404.
17 Hobson 1987:12.
18 2001:9.
19 Sien ook Watts en Zimmerman 2002:1233 … "girls or women who have been sexually assaulted or raped are frequently said to have "asked for it" by the way they were dressed or behaved — even when the victim is a child."
20 1994:46.
21 Sien ook Karim *ea* 1995:1523 … "According to five independent accounts from the respondents, police occasionally help themselves to beers and seek free sexual favors from the sex workers."
22 Sex Workers Education and Advocacy Task Force.
23 Kaplan 2001:10.

> When they (the police) catch you in the bush with a man, they chase away that man and then take the condom from you and then they rape you.[24]

In ’n opname wat in Bangladesh ten opsigte van 540 vroulike prostitute gedoen is, is getoon dat 49% van die teiken groep prostitute (540) die afgelope jaar deur die polisie verkrag is en 59% deur polisiebeamptes aangerand is.[25]

Behalwe vir bogenoemde beweerde misbruik van prostitute deur sommige lede van die polisiemag, blyk dit verder dat gerugte die rondte doen waarin beweer word dat daar ’n verband tussen die polisiemag en die bestuur van sommige bordele bestaan. Volgens Beharie[26] het ene Mnr. Mike Moriarty, ’n Demokratiese Alliansie Raadslid, in ’n brief die betrekking van die Skerpioene gevra ten einde die korrupsie onder polisiebeamptes oop te vlek. In sy brief word onder andere die volgende bewerings gemaak:

1. ’n Speurder te Hillbrow polisiestasie besit die Planet Hillbrow Club.
2. ’n Voormalige polisiebeampte besit die Perennial Vessel and Pub.
3. Vele ander klubs in Hillbrow word deur polisiebeamptes bestuur of hul bied hulp aan die eienaars daarvan.

Sonder om alle polisiebeamtes sonder meer as korrup en onbetroubaar af te maak, verskaf bogenoemde enkele voorbeelde tog begrip vir die feit dat sekswerkers, daagliks blootgestel aan die gevare van die straat, selde die polisie se hulp nader en baie geweldsmisdrywe teenoor hulle gepleeg, onaangemeld gelaat word.

Prostitute vorm dus tans die ideale teikengroep vir gewetenlose en geharde misdadigers wat graag aanrand, verkrag, roof en soms selfs moor. Wat is makliker vir ’n verkragter/moordenaar om ’n sekswerker in die stil, verlate strate van die nag op te laai en sonder dwang te vervoer na daar waar hul alleen is of na daar waar sy makkers op hul wag om sodoende die prostituut te verkrag/vermoor? Deeglik bewus daarvan dat die prostituut nie sommer die saak by die polisie sal aanmeld nie (waar moontlike vervolging of verdere misbruik deur die polisie mag volg), loop hierdie misdadigers ’n geringe risiko om ooit vervolg te word.

## 4. Die verskil tussen straatprostitute en binneshuise sekswerkers

Alvorens daar na voorbeelde van geweldsmisdrywe, gepleeg teenoor sekswerkers in Suid-Afrika, gekyk sal word, is dit ook belangrik om ’n onderskeid te tref tussen die sogenaamde: “High-class call girls” en “Streetwalkers”. Terwyl eersgenoemde groep sekswerkers meestal in ’n veilige omgewing

24 Kaplan 2001:10.
25 Watts & Zimmerman 2002:1238.
26 2001:4.

werksaamhede vir gereelde of dieselfde kliënte verrig, is laasgenoemde groep dié wat hoofsaaklik aan die gevare van die straat blootgestel is.[27]

In 'n studie, geloods in die Verenigde Koninkryk, waarvan 240 prostitute van die Leeds, Glasgow en Edinburgh distrikte deel was, het 50% van diè wat "buitenshuis" werk ("streetwalkers") geweld ervaar, terwyl slegs 26% van die wat "binneshuis" werk (as deel van 'n bordeel) geweld van hulle kliënte ervaar het.[28] Hierdie studie toon dus dat sekswerkers werksaam in die straat (buitenshuis) ongeveer 50% meer blootgestel is aan geweld as die sekswerkers wat as deel van 'n bordeel (binneshuis) werksaam is.[29]

Dit laat die vraag ontstaan of die wettiging van prostitusie alleen met 'n steeds staande verbod op die bedryf van bordele (wat deur al die Grondwethof regters eenmalig voorgestaan is soos genoem in die inleidende paragraaf), 'n werklik drastiese afname van geweld betrokke by prostitusie tot gevolg sal hê, aangesien dit uit bogenoemde statistiek duidelik blyk dat binneshuise sekswerkers aan minder geweld blootgestel is as sekswerkers op straat.

## 5. Voorbeelde van geweldsvoorvalle gepleeg teenoor sekswerkers in Suid-Afrika

As blote stawing vir die feit dat sekswerkers blootgestel is aan geweld, word enkele voorbeelde van misdrywe in Suid-Afrika gepleeg, waarin sekswerkers die slagoffers was, hieronder uiteengesit:

- Suid-Afrika se eerste erkende reeksmoordenaar het ten minste drie vroue in die 1930's vermoor. Die moorde het in 1937 gestop sonder dat die reeksmoordenaar ooit gevange geneem is. Hy het vermoedelik prostitute in Kaapstad se middestad opgetel en hul verminkte liggame (vol steekwonde) is in Milnerton omgewing gevind.[30]
- In 1992 het nog 'n reeksmoordenaar sy verskyning in Kaapstad gemaak. Hy het altesaam 18 prostitute verwurg en van hul liggame in die onderontwikkelde gebiede van die Wes-Kaap ontslae geraak. Hy is ook nooit gevange geneem nie.[31]
- Op Vrydagaand 5 Desember 1997 is me. Shirley Tembane (37) vermoor en haar metgesel, me. Patricia Mhlongo (22) ernstig deur mnr. Gideon Joubert van Niekerk en vermoedelik sy swaer, mnr. Andries Johannes Pretorius aangerand. Van Niekerk het vroeër in sy afsonderlike verhoor

27 Dalla 2002:64. Sien ook "The Summary of the South African Law Commission Issue Paper on Adult Prostitution, Project 107, Issue Paper 19, p 10", vir die veskil tussen binneshuise en buitenshuise sekswerkers.

28 Watts & Zimmerman 2002: 1236.

29 Sien ook Valera *ea* 2000:149: "Even though all prostitutes are potentially impacted by these events, some studies suggest that street prostitutes are at a greater risk than those who work in environments off the street, such as brothels."

30 Krost 2000:6.

31 Krost 2000:6.

getuig dat sy en Pretorius se doelwit was om die prostitute in opdrag van 'n verregse organisasie te vermoor, uit wraak vir plaasaanvalle.[32]

- Op 6 Februarie 2002 is mnr. Riaan Dreyer (33), oudlid van die polisie se staatspresidentseenheid en die polisie in Heilbron, 13 jaar tronkstraf opgelê weens die moord op 'n prostituut, me. Hlengiwe Neli Mbambo (26). Dreyer het die nag van 5 April, terwyl sy vrou, Cathy, nie tuis was nie, vir R50 gemeenskap gehad met Mbambo. Hy het haar daarna in die kop en arm geskiet, haar lyk tot die volgende oggend in die tuin laat lê en haar daarna laat begrawe.[33]
- In Februarie 2002 het SWEAT die moorde van 6 sekswerkers wat die afgelope 6 maande plaasgevind het, aangeteken. Twee gevalle in Claremont, twee in Van Schoorsdrift op die N7 noord van Table View, een in Goodwood en een in Seepunt. Die polisie ondersoek egter 'n verdere twee moorde — een van 'n sekswerker wat dood in Oudekraal gevind is en 'n ander wie se liggaam gevind is naby Victoria Road tussen Kampsbaai en Houtbaai.[34] Die speurders, gemoeid met die agt sake, vermoed dat die moordenaar sy slagoffers eers dophou, dan verwurg en daarna steekwonde toedien voordat hy hulle van kontant, juwele en ander besittings beroof en van die liggaam ontslae raak. Die nuutste slagoffer is 'n 24-jarige vrou, wie se naakte liggaam naby Cambell Road gevind is. Die polisie vermoed dat sy elders verkrag en vermoor is.[35] Haar hande was met kleefband vasgebind en haar mond toegeplak. Sy is vermoedelik verwurg.[36]

Die volgende inligting is hoofsaaklik gebaseer op opmerkings, wat deur sekswerkers oor die wêreld heen gemaak is, en soos wat dit in artikels omskryf is:

- Alhoewel sy geweier het om afgeneem te word, het sy aan die verslaggewer merke aan haar maag en bors getoon waar 'n aanvaller probeer het om 'n woord uit te krap nadat hy die sekswerker op Kersdag 2001 naby Wynberg opgelaai het.[37]
- Nog 'n sekswerker het gerapporteer dat sy haar beroep laat vaar het nadat sy amper in 2001 vermoor is. Sy het ook per geleentheid in 'n situasie beland waar sy deur vier mans verkrag is. Sy het kalm gebly en saamgespeel, wetende dat, indien sy sou weerstand bied, sy ernstig beseer of selfs vermoor sou word.[38]
- Een sekswerker is na dienslewering deur die kliënt verwurg en met 'n mes gedreig om sy geld terug te gee. In hierdie situasie het sy as volg opgemerk: "I'd rather give it than lose my life."[39]

32 Kok 1999:1.
33 Kok 2002:2.
34 *Daily News* Correspondent 2002:5.
35 *Daily News* Correspondent 2002:5.
36 Brits 2002:7.
37 *Daily News* Correspondent 2002:5.
38 *Daily News* Correspondent 2002:5.
39 Kaplan 2001:10.

- Nog ’n sekswerker het na ’n ervaring as volg opgemerk:

> I was raped at Queens Park, I thought there was one client in the car, but it wasn’t one client. I got into the car to go up to Queens Park and there were another three waiting. While the one got out, I felt something cold against my neck, so there was one in the backseat of the car and he came out with the knife against the back of my neck and told me to just keep quiet.

- Sestienjarige Lerato Pholusi van Maseru, Lesotho, sê:

> White men only buy my services for three reasons: to force me to have sex with their dogs; to beat me up while naked; or to give them a nude dance. Often black men gang-raped her.[40]

- As antwoord op die vraag om haar emosies te beskryf nadat sy met ’n yster geslaan en vir die dood gelos is, het een sekswerker as volg opgemerk: “I didn’t care. I didn’t think about it. I got 150 stitches and was back on the streets that same day.”[41]

Alhoewel dit dus nie altyd aangemeld word nie, is geweldsmisdrywe soos aanranding, verkragting, roof en moord, ’n werklikheid wat elke prostituut/sekswerker daagliks in die gesig staar. Sonder hulp van die polisie en afhanklik van prostitusie vir ’n lewensbestaan, is hierdie werkers gewillig om met hierdie vrees steeds voort te gaan met die uitvoering van hul daaglikse pligte, onbewus van waar en wanneer die volgende slagyster van geweld op hul lê en wag.

## 6. Statistiese gegewens

Soos reeds hierbo verduidelik, is dit moeilik om ware statistiese gegewens met betrekking tot die voorkoms van geweldsmisdrywe teenoor sekswerkers gepleeg vas te stel, omrede die aanmeldingsyfer om reeds genoemde redes so laag is. Daarom word hier hoofsaaklik op statistiese gegewens, verkry deur opnames van verskeie navorsers op die gebied, gekonsentreer.

1. Farley[42] se studie sluit onderhoudvoering met 854 prostitute van verskeie lande, insluitende Suid-Afrika in.

   Na 7 jaar se navorsing het Farley tot die volgende slotsom gekom:

   - 70%-95% ondervind fisiese aanranding in die bedryf (prostitusie);
   - 60%-75% is tydens die uitoefening van hul beroep verkrag;
   - 60%-90% van die studiegroep van prostitute, is seksueel as kind aangerand;
   - 100% ervaar seksuele teistering in die uitoefening van hul beroep.

40 Bhengu 2001:1.
41 Dalla 2002:74.
42 CCT 31/01 — ’n Verklaring deur Dr.Melissa Farley — paragraaf 137-10 van Bylae “AVE3”.

2. Dalla[43] verwys na ’n studie deur ene Miller in 1993 waarin hy sestien prostitute ondervra het. Die gegewens was as volg:
    - 93,8% ondervind die een of ander vorm van seksuele aanranding;
    - 43,8% is gedwing tot seksuele aktiwiteite deur mans wat hulself as polisiebeamptes voordoen;
    - 75% is verkrag deur kliënte of in een of ander lokval;
    - meer as 50% is al geroof.
3. Volgens Kaplan[44] se studie wat in 1996 voltooi is, waarin 25 sekswerkers ondervra is, is die volgende resultate opgelewer:
    - 64% het gerapporteer dat hul geweld van kliënte ervaar;
    - 50% is deur die polisie verkrag of het een of ander vorm van geweld van polisiebeamtes ontvang.
4. Willis & Barry[45] se studie van 475 prostitute van vyf onderskeie lande kan as volg saamgevat word:
    - 73% het fisiese aanranding in die uitvoer van hul werksaamhede ervaar;
    - 62% is vanaf hul toetrede tot die bedryf verkrag.
    - In die VSA is 27 sekswerkers van wie 2 kinders, vanaf 1997 vermoor.
5. Volgens Valera,[46] het haar studie (waarin 100 prostitute in Washington omgewing deelgeneem het) die volgende resultate tot gevolg gehad:
    - 60% van die teikengroep het geweld tydens hul deelname aan prostitusie ondervind en
    - 44% is verkrag;

    Valera[47] se studie onder die San Francisco prostitute het die volgende statistieke getoon:
    - 82% het geweld tydens hul deelname aan prostitusie ondervind;
    - 55% is deur kliënte aangeval;
    - 30% is deur mans wat nie kliënte was nie aangeval.

    Soortgelyke resultate is by “afgetrede prostitute” in dieselfde omgewing verkry:
    - 65% het geweld tydens hul deelname aan prostitusie ondervind;
    - 66% is deur ’n koppelaar aangerand;
    - 36% is op ’n gereelde basis aangerand.

43 Dalla 2002: vanaf p63.
44 2001:10.
45 2002: vanaf p1417.
46 2000: vanaf p149.
47 2000: vanaf p149.

Valera[48] het verder gemeld dat vroulike prostitute volgens 'n skatting deur die Council for Prostitution, ongeveer een keer per week verkrag word.

## 7. Huidige voorsorgmaatreëls teen geweld van kliënte

Waar reg en geregtigheid op 'n spesifieke terrein nie geskied nie, is individue hierdeur geraak, gewoonlik aan hulself oorgelaat om voorsorgmaatreëls teen toekomstige gevare te tref.

Hierdie voorsorgmaatreëls, deur sekswerkers gevolg, kan volgens Dalla[49] as volg uiteengesit word:

- Die staatmaak op 'n "voorgevoel" in die bepaling van "veiligheid" om diens ten opsigte van 'n bepaalde kliënt te lewer.
- Die ontmoeting van kliënte in spesifieke areas alleenlik.
- Die weiering om meer as 'n paar blokke saam met kliënte te ry/beweeg om dienste te gaan verrig.
- Om uitruilings in verligte gebiede te maak, byvoorbeeld naby straatligte.
- Een prostituut het dit duidelik gestel dat sy nie haar dienste tot beskikking van "wit mans wie rooi trokke bestuur", stel nie.
- 'n Verdere drie deelnemers aan die navorsing het gerapporteer dat hul uit bewegende motorvoertuie gespring het nadat hul gevaar aangevoel het. (Die meeste deelnemers het egter gerapporteer dat hul glad nie bereid is om in kliënte se voertuie te klim nie — die risiko van gevaar is net te groot.).
- Ander verkies om wapens aan hul te dra. Een deelnemer het erken dat sy altyd 'n mes by haar dra en haar kliënte daarvan bewus maak.

Norton-Hawk[50] se navorsing het die volgende verdere voorsorgmaatreëls aan die lig gebring:

- Deur heeltyd bewus te bly van die omringende omgewing waarin hul, hulself bevind.
- Deur altyd, voordat hul in 'n kliënt se motor klim, agter in die motor te kyk of daar nie dalk nog mans is wat wegkruip nie.
- Deur altyd bewus te bly van waar die kliënt se hande is.
- Deur altyd seker te maak dat die motordeur-en-venster, handvatsels het.
- Deur seker te maak dat die deur nie gesluit is nie.
- Deur in gebiede te bly waar daar baie mense is.
- Deur gebruik te maak van 'n hotel vir dienslewering.

48 2000: vanaf p149.
49 2002:vanaf p63.
50 2001:410-413.

- Deur te weier om diens te lewer in ’n straatgang, plek waar dwelms verkoop word, of in ’n verlate gebou.
- Deur wapens te dra; (Vyftig persent van die studiegroep sekswerkers het erken dat hul ’n wapen soos ’n mes, ’n gebreekte bottel, ’n skêr, hoëhak skoene, ’n geweer of skeermes by hul dra.)
- Andere maak geheel en al staat op instink en ’n aanvoeling om te bepaal of ’n kliënt gevaar inhou.
- Van die sekswerkers soek kliënte met ’n tingerige geaardheid/voorkoms, sodat hul nie maklik deur die kliënt oorrompel kan word nie (dit is blykbaar ’n goeie teken as die kliënt effens bang voorkom).
- Van die sekswerkers vermy verder ook kliënte wat ou motors bestuur en slordige klere dra.

As die nood om geld druk word hierdie magtelose pogings tot selfbeskerming volgens Norton-Hawk,[51] dikwels self nie eens nagekom nie. Vier-en-tagtig persent van al die sekswerkers betrokke in haar navorsing het erken dat die mees algemene plek van dienslewering in kliënte se motors plaasvind en dit op ’n afgeleë plek waar die prostituut erg blootgestel is aan die moontlike toediening van geweld.[52] Kompetisie van ander sekswerkers dien ook as verdere oorsaak waarom sekswerkers soms nie hierdie selfgemaakte riglyne volg nie.

## 8. Geweld deur die koppelaar/souteneur

### 8.1 Die koppelaar as een van die entrepreneurs van prostitusie

Volgens Scholtz[53] is daar hoofsaaklik sprake van drie soorte entrepreneurs (behalwe die prostituut self), wat wins uit prostitusie maak. Die drie entrepreneurs waarvan melding gemaak word, is as volg: ’n “madam”, die bestuurder/es van ’n gesellinklub en laastens ’n koppelaar/souteneur.

Volgens Scholtz[54] is ’n “madam”, ’n vrou wat ’n bordeel bedryf en haar inkomste verkry deur die fooi wat die verbruiker betaal vir die dienste van die prostituut. Daar is gevalle waar die “madam”, heel dikwels ’n voormalige prostituut, die rol van biegmoeder en beskermer van die jonger prostitute aanneem. Alhoewel sy die jong meisies tot prostitusie oorreed, is sy tog oor hul besorg en sien sy om na hulle welstand, al is dit dan tot haar eie voordeel.

Die tweede tipe entrepreneur van prostitusie, is die bestuurder/es van ’n gesellinklub, eskortagentskap of eskortklub. Volgens Scholtz,[55] is dit heel

51 2001:410-413.
52 2001:410-413.
53 1997:19-21.
54 1997:20.
55 1997:21.

dikwels hierdie persone wat die meeste wins uit prostitusie maak. Dit kan 'n man of vrou wees, of soms 'n egpaar, wat 'n besigheidslisensie bekom het om die gesellinklub te bedryf. Hierdie klubs word bedryf as 'n diensleweringagentskap aan mans wat die geselskap van 'n dame wil bekom. Sy vergesel hom na 'n bepaalde plek, volgens sy keuse, terwyl die kliënt 'n bepaalde bedrag aan die agentskap betaal. Sholtz[56] voer verder aan dat die onderlinge skikking om seks te hê in sommige gevalle weg van die perseel van die agentskap geskied en die gesellinklub as sulks nie prostitusie bedryf nie. In ander gevalle vind seks wel op die perseel plaas.

Die derde groep entrepreneurs, waarvan melding gemaak is, is dan die sogenaamde koppelaar/souteneur. Volgens die *Oxford Illustrated Dictionary*[57] word 'n koppelaar as volg beskryf: "man living on earnings of prostitute."

Volgens Snyman[58] is koppelary enige handeling waardeur 'n vrou, en gewoonlik 'n jong meisie, verkry word om 'n prostituut te word. Snyman[59] vervolg deur te sê dat 'n koppelaar of souteneur iemand is wat deur middel van 'n verskeidenheid moontlike maniere soos byvoorbeeld oorreding, geslepenheid, bedrog of selfs dwang, 'n meisie oorhaal of verkry om haar liggaam tot beskikking te stel van "ander mans."

Reeds in die inleidende paragraaf van hierdie artikel is verwys na koppelaars as een van twee hoofgroepe persone (die ander dan kliënte) teenoor wie sekswerkers blootgestel staan vir die moontlike toediening van geweld.

## 8.2 Die algemene voorkoms van koppelary in prostitusie

Volgens Barry,[60] het 'n skatting van organisasies, regoor die wêreld, wat te doene het met die die blootstelling van vroue aan prostitusie, daarop gewys dat 80% tot 95% van alle prostitute deur 'n koppelaar beheer word. Barry[61] wys verder daarop dat 53% van die vroue wat deur ene Evelina Giobbe in die studie ondervra is, deur middel van 'n koppelaar hul toetrede tot prostitusie gemaak het, terwyl 90% van die vroue betrokke by prostitusie, wel 'n koppelaar gehad in die uitoefening van hul beroep. Laasgenoemde dan 'n bewys van die gewildheid daarvan om 'n koppelaar te hê in die seksbedryf.

55 1997:21.
56 1997:21.
57 1978:1611.
58 1999:372.
59 1999:372.
60 1995:198.
61 1995:198.

## 8.3 Die ontstaan van 'n koppelaar-prostituut verhouding

Volgens Barry[62] soek 'n koppelaar gewoonlik jong meisies of vroue wat naïef, alleen, bitter en rebels voorkom. Hierdie vroue is gewoonlik slagoffers wat weggevlug het van seksuele molestering tuis of dan van 'n huwelik waarin geweld betrokke was. Hul bevind hulself gewoonlik letterlik op straat, sonder enige bron van inkomste en beskik ook nie oor die nodige opleiding om maklik 'n werk te bekom nie.

Barry[63] is van mening dat 'n tipiese voorbeeld waarin 'n koppelaar sy "prooi" benader, as volg uitgebeeld kan word:

> Hy maak sy verskyning skielik, is baie vriendelik, bied aan om vir haar 'n ete te koop en later 'n plek om die aand te spandeer. Sy ontvang komplimente vir die eerste keer in jare, sowel as beloftes dat hy vir haar nuwe klere sal koop en haar hare sal laat doen. Dit mag eers dae, weke, of selfs maande wees voordat sy uitvind wat met haar gebeur het.

Barry[64] is verder ook van mening dat baie geld, nuwe motors, reise, die beste klere en roem, deel vorm van die beloftes waarmee hierdie teikengroep dames deur koppelaars omgekoop word. Een koppelaar het blykbaar aan sy "slagoffer" genoem dat hy haar sal beskerm, by haar sal bly vir die res van sy lewe en dat die uitverhuur van haar seksuele dienste ten einde geld vir hom te bekom, slegs nodig sal wees tot en met hy 'n groot som geld van 'n versekeringsmaatskappy sou ontvang.

Die volgende stap van die koppelaar, wat na bogenoemde volg, is die sogenaamde "seasoning". Volgens Barry[65] behels die begrip "seasoning", die breek van die meisie se wil, die verlaging van haar selfaansien sowel as 'n finale breek tussen haar vorige en huidige lewe. "Seasoning" behels verder "afhanklikheid van" en "in-die-skuld wees" van die slagoffer by haar koppelaar — hy moet tog op 'n manier vir al die gratis kos, klere en blyplek vergoed word!

Volgens Barry,[66] is 'n verdere onderafdeling van "seasoning", die verandering van die slagoffer se identiteit. 'n Nuwe naam sowel as die nodige dokumente word aan haar gegee soos byvoorbeeld 'n bestuurderslisensie en geboortesertifikaat, sodat die polisie nie haar ware identiteit of ouderdom sal uitvind nie. Behalwe vir beskerming van botsing met die gereg, vorm die nuwe identiteit ook 'n skeiding tussen die slagoffer se verlede en huidige lewensbestaan. Dit veroorsaak gewoonlik dat die slagoffer haar volle aandag op die huidige, waarin sy totaal aan haar koppelaar behoort, vestig. Barry[67] verwys ook in sy artikel na ene Christina en Milner wat van mening was dat 'n koppelaar meer geinteresseerd is in sy slagoffer se denke as in haar

62 1995:204.
63 1995:204.
64 1995:205.
65 1995:208.
66 1995:210.
67 1995:210.

liggaam. Steve, ’n koppelaar het aan laasgenoemde twee persone verduidelik waarom dit so belangrik is om ’n prostituut se denke te verander. Sy rede was as volg:

> She must cut all family ties. Because, you see, she can’t be with her family and ho (whore) too. You can’t cope with bringing disgrace on your mother or father, your sister, or whoever it is. You have to get away from them. There’s nothing I could do with you over there because they’re telling you one thing and I’m telling you something else.[68]

Brock, nog ’n koppelaar, het “seasoning” as volg verduidelik:

> You create a different environment. It’s a brainwashing process; the whole thing is creativity. When you turn a chick out, you take away every set of values and morality she had previously and create a different environment. You give her different friends.[69]

## 8.4 Voordele van koppelary vir die prostituut

Volgens ’n studie deur Norton-Hawk[70] waarin onderhoudvoering met 50 sekswerkers plaasgevind het, het 33% van die sekswerkers gerapporteer dat die hoofrede of dan grootste voordeel om ’n koppelaar te hê, bestaan uit die beskerming wat laasgenoemde teen geweld van kliënte bied. Omtrent die helfte van hierdie sekswerkers het aan ’n koppelaar se “groep”, behoort. As “wives-in-law,” word verwag dat hierdie meisies gratis seksuele dienste aan hul koppelaar verskaf, terwyl omtrent alle geldelike gewin wat hul beroep oplewer, aan hom afgestaan word.

In ruil vir bogenoemde, geniet die sekswerkers die koppelaar se beskerming, verskaf hy blyplek aan hulle, gee hul ’n gevoel van betekenis, voorsien dwelmmiddels en verleen bystand wanneer daar met die reg gebots word. Volgens Norton-Hawk[71] verhoog die noodsaak vir hulp wanneer die prostituut in hegtenis geneem word, haar afhanklikheid van ’n koppelaar. Sonder ’n koppelaar is daar gewoonlik niemand wat borgtog kom betaal of na die sekswerker se kinders tydens haar aanhouding kan omsien nie.

Dit dan die redes (voordele) waarom vele sekswerkers hul tot ’n koppelaar wend om as deel van sy “groep” werksaam te wees.

## 8.5 Nadele — die toediening van geweld deur die koppelaar

Wat die nadele verbonde aan die behoort tot ’n koppelaar se “groep” ook betref, kan die verskaf van gratis seksuele dienste en die oorbetaal van die sekswerkers se verdienste as geringe opofferings beskou word. Die grootste

68 Barry 1995:211.
69 Barry 1995:211.
70 2001:412.
71 2001:412.

nadeel daaraan verbonde is die toediening van geweld deur die koppelaar. Die koppelaar neem gewoonlik totale beheer oor sy werkers se lewensbestaan.

Om die kragtige web waarin die koppelaar sy slagoffers toespin te probeer uitbeeld, volg ’n voorbeeld van ’n kontrak soos opgestel deur ’n koppelaar. Die kontrak is tydens ’n klopjag in Washington D.C, in die jaar 1977 gekonfiskeer:

> You are reading this because you have passed one of the requirements to become a member of the illustrious family of .......... This life is just like a large scale movie production with me as the producer and you as the star. The world is your audience for the entire universe is your stage. It is also like a large scale business there is a president, director, and a teacher and a treasurer. All of these offices are held by me. In this business, there is no room for confusion. Anyone or anything opposing my will must be and will be destroyed.[72]

Volgens Norton-Hawk[73] se navorsing (met 53% van haar teikengroep prostitute wat dit as ’n groot probleem beskou het) is misbruik deur die koppelaar algemeen. Die sekswerkers deur haar ondervra, het gereelde slanery, die brand met ’n warm yster, bene wat gebreek word en verkragting, deur koppelaars toegedien, gerapporteer.

Volgens Barry[74] het die Council for Prostitution Alternatives gevind dat van die 55 vroue wat in hul program van 1990-1991 betrokke was, 63% erg deur hul koppelaars op ’n gereelde basis van ongeveer 58 keer per jaar geslaan is. Baie van die vroue het nooit die mag en wreedheid van ’n koppelaar besef voordat hul nie uit die kloue van laasgenoemde probeer ontsnap het nie. Volgens ’n verdere studie deur die Council for Prostitution Alternatives in Portland, Oregon, word beweer dat omtrent die helfte van die 234 vroue wat hul om hulp in 1990 genader het, ’n gemiddeld van sestien keer per jaar deur hul koppelaar verkrag is. Nege-en-veertig persent van hierdie groep vroue is ook deur hul koppelaars ontvoer.

## 8.6 Gevalle van geweld deur koppelaars toegedien

- Volgens Barry,[75] het een sestienjarige meisie haar “afskeidsgeskenk” deur haar koppelaar aan haar as volg beskryf toe sy gepoog het om hom te verlaat:

> Well, first he put his foot in my face which broke my nose and knocked me out and I got out the door — we lived on the third floor of this building and I couldn’t get out the door in time before he caught me and there was just punches in the face and he had long fingernails which scarred up my body pretty much and kicking because I kept falling on the floor from being hit in the head … I finally got out the door and

72 Sien Barry 1995:203.
73 2001:412.
74 1995:202.
75 1995:199.

> was running out the middle of the street and he was trying to drag me into the place again when the police came.

- Melinda, 'n vorige prostituut van San Francisco, is van mening dat wanneer 'n vrou vir 'n koppelaar begin werk het, daar geen uitweg is nie, behalwe om te vlug. Die eerste keer wat sy sonder voldoende fondse verdien, tuis gekom het en hy haar geskop het, het sy besef waarin sy haarself bevind het. Daarna was die aanranding gereeld. Hy het haar oor die kop met 'n hondeketting geslaan, in die maag geskop toe sy swanger was en per geleentheid in die bad probeer verdrink. Gevangenisstraf was Melinda se tydelike ontvlugting. Sy het geweet dat as sy gevange geneem word, sy ten minste vir 4 maande van haar koppelaar kon wegbreek.[76]
- Jessica (ook van San Francisco) het met 'n koppelaar (genaamd Joey) begin uitgaan toe sy 19 jaar oud was. Kort nadat sy op hom verlief geraak het, het hy haar oortuig om seksuele dienste aan kliënte te verskaf ten einde geld vir die twee van hulle te bekom om die wêreld heen te gaan reis. Toe sy egter die derde aand sonder geld tuis gekom het, het Joey haar begin slaan. Sy het besluit om hom te verlaat en na haar tante se huis gevlug waarheen hy haar gevolg het. Hy het die huis se deur oopgebreek en haar gedwing om saam met hom te gaan en haar baba saam te bring. Sy het gedwonge saam met hom in die motor geklim waarna verdere rusie ontstaan het en hy haar meegedeel dat hy sal aftrek en haar so erg sal aanrand dat sy nooit weer sal kan beweeg nie. Hy het toe van die pad afgetrek en haar met sy vuiste begin slaan en haar nek probeer omdraai terwyl haar babaseuntjie moes toekyk. Sy kan nie onthou hoeveel keer hy haar geslaan het nie, maar onthou sy woorde toe hy gesê het dat hy homself nie verder fisies gaan seermaak deur haar aan te hou slaan nie en toe die domkrag agter uit die trok gaan haal het waarmee hy haar oor die kop geslaan het. Sy is daarna na haar ou tuiste geneem waar 'n mede-sekswerker haar toestand gesien het en dit 'n paar dae later aan die polisie gerapporteer het. Die polisie het haar na die hospitaal geneem waar hul haar meegedeel het dat sy skedelbreek opgedoen het.[77]
- In 1976 het Cynthia in 'n hof van San Francisco, getuig van haar ervaringe toe sy haar koppelaar probeer verlaat het. In haar eerste poging van ontvlugting, was sy besig om na 'n blyplek vir haarself te soek, toe haar koppelaar haar in die straat af gevolg het. Sy het 'n eetplek binne gestorm en gillend tussen die tafels rondgehardloop. Sy het aan die eienaar gevra om die polisie te bel, maar hy het haar uit die eetplek gejaag. Haar koppelaar het haar "huis" toe geneem en haar so erg aangerand dat sy nie sy tuiste kon verlaat nie. Na 'n opvolgende aanranding deur haar koppelaar het sy weereens probeer ontvlug. Sy het daarin geslaag om tot by 'n motel te kom, waar sy 'n kamer gehuur het om oor te bly tot tyd en wyl sy van haar beserings sou herstel. Haar koppelaar het haar egter weer opgespoor en gekla dat sy hom vermy en nie haar werk verrig nie.

---

76 1995:200.

77 Barry 1995:201-202.

> Sy het weggehardloop tot by die motel se kantoor waar sy om hulp gesmeek het. In die hofsaak het dit egter na vore gekom dat die moteleienaar daardie dag haar arms agter haar rug saamgevat het en aan die lede van die publiek in die motel aanwesig, gesê het om nie die polisie te bel nie. Die moteleienaar het getuig dat hy nie gedink het dat die man (koppelaar) die meisie sou doodmaak nie en het haar daarom uit die motel gegooi. Sy het egter daarin geslaag om van haar koppelaar weg te hardloop — die keer na die polisie, waar hy (haar koppelaar) gearresteer is.[78]

Bogenoemde dan ’n paar voorbeelde van sekswerkers wat hulself in hul soeke na onder andere beskerming teen gewelddadige kliënte, op ironiese wyse in die kloue van gewelddadige koppelaars bevind het.

Volgens Barry[79] sal sekere koppelaars hul sekswerkers wel toelaat om hul “vryheid” terug te koop. Die “loskoopprys” is gewoonlik in die vorm van ’n groot som geld, betaalbaar aan die koppelaar. Sommige sekswerkers ontvlug na ’n ander stad of selfs staat en neem ’n nuwe identiteit aan ten einde die kloue van hul koppelaars te ontglip, terwyl andere hul uitweg in selfmoord vind.

## 9. Samevatting

Dit is uit bogenoemde baie duidelik dat geweld ’n werklikheid is in elke sekswerker se lewensverhaal — of dit nou geweld is wat deur hul kliënte toegedien word óf die geweld wat hul gedweë van hul koppelaar aanvaar.

Hierdie sekswerkers bevind hulself in ’n magtelose posisie omrede hul in die uitvoer van ’n tans onwettige beroep, geen toegang tot die staat se beskermingsmag (polisie) het nie. Wat hul posisie verder versleg is die feit dat prostitute meestal vrouens is (95% volgens ’n verklaring deur SWEAT[80]) en boonop sekswerkers, wat die voorkoms van geweld in die uitvoer van hul daaglikse werksaamhede byna onvermydelik maak.

Waar reg en geregtigheid nie kan ingryp as oplossing nie (om watter rede dit ook al mag wees), is die slagoffers hierdeur geraak, oorgelaat om ’n uitweg van hul eie te vind. Sekswerkers probeer tans hierdie oplossing om hulself teen geweldsmisdrywe te beskerm, in selfgemaakte voorsorgmaatreëls vind. Soos reeds hierbo bespreek, bestaan hierdie voorsorgmaatreëls uit byvoorbeeld, ’n “voorgevoel” teenoor ’n bepaalde kliënt om te bepaal of hy gevaarlik is al dan nie, ontmoetings in “verligte” gebiede, deur nie te ver vanaf die bekende saam met die kliënt te beweeg nie asook om wapens aan hulself te dra. Die feit bly egter staan dat die sekswerker en kliënt tog beweeg tot by ’n plek waar hul alleen is en dat diè sekswerkers, wat hulself wel deur wapens probeer beveilig, maklik deur die sterker kliënt daarvan oorrompel kan word en aan sy handelinge oorgelaat is.

78 Barry 1995:215-216.
79 1995:215.
80 www.sweat.org.za.

Sonder om die wettiging van prostitusie sonder voorbehoud voor te staan, bly dit egter 'n staande feit dat die wettiging van prostitusie (asook bordele in 'n nog groter mate) wel 'n verligting op diè gebied aan sekswerkers sal verseker. Sekswerkers sal sonder huiwer, of die vrees om vervolging in die gesig te staar, hierdie geweldsmisdrywe teenoor hul gepleeg kan gaan aanmeld. Polisiebeamptes wat in die verlede van hierdie vrees van sekswerkers misbruik gemaak het, sal sodoende ook vervolg kan word.

Prostitusie staan bekend as een van die, as dan nie diè oudste beroep op aarde nie en met 'n steeds groeiende mark sal so 'n "maatskappy"/ "eenmansaak", nooit sluit nie — watter strafsanksies ook al ingestel mag word.

Hierdie bizarre situasie in ons land en vele andere bied verder 'n goue geleentheid aan toedieners van geweldsmisdrywe om 'n prooi te bekom, wat selfs al sou sy daarin slaag om te ontsnap, hul bykans nooit by die polisie sal gaan aanmeld nie.

Dit het daarom tyd geword om die werklikheid in die gesig te staar en dalk die wettiging van prostitusie aan te pak eerder as om agter morele standaarde (as makliker uitweg) weg te kruip. Dit is so dat die wettiging van prostitusie nie 'n goeie internasionale beeld sal bevorder nie, maar die steeds groeiende misdaadsyfers van ons land, doen ons land se beeld ook geen eer aan nie. Prostitusie is hier om te bly met slegs die wettiging van prostitusie wat beheer en kontrole oor hierdie beroep sal bied en 'n definitiewe verligting asook verlaging van geweldsmisdrywe in ons land gepleeg, sal verseker.

## Bibliografie


BARRY K
1995. *The prostitution of sexuality*. New York: New York University Press.

BEHARIE
2001. Cops linked to Hillbrow clubs. *Sowetan Sunday World* 4 February 2001:4.

BHENGU C
2001. I'm tired of this life, says sex worker. *Sowetan* 28 Junie 2001:1.

BRITS E
2002. Moord op agt prostitute bekyk. *Die Burger* 22 Februarie 2002:7.

*DAILY NEWS* CORRESPONDENT
2002. Sex workers worry about serial killer. *Daily News* 20 Februarie 2002:5.

DALLA RL
2002. Night moves: A qualitative investigation of street-level sex work. *Psychology of Women Quarterly* 26 (1):63.

DE BRUIN P
2002. Bordele, sekswerkers bly onwettig sê hof: Regters egter glad nie eenstemmig oor prostitusie. *Die Volksblad* 10 Oktober 2002:11.

FARREN T
2001. Caught between the law and brute force of men. *Sunday Independent* 19 Augustus 2001:9.

HOBSON B
1987. *Uneasy virtue: The politics of prostitution and the American reform tradition*. New York: Basic.

KAPLAN L
2001. Sex workers — a life of stigma and peril. (Decriminalisation will help reduce their vulnerability). *Pretoria News* 27 November 2001:10.

KARIM QA *et al*
1995. Reducing the risk of HIV infection among South African sex workers: Socioeconomic and gender barriers. *American Journal of Public Health* 85(11):1521-1525.

KOK D
1999. Hof hoor van trauma in bosoorlog. *Die Volksblad* 26 Oktober 1999:1.

2002. Tien jaar tronk toe na moord op prostituut. *Die Volksblad* 7 Februarie 2002:2.

KROST P
2000. Monsters in the hall of shame. *Saturday Star* 8 Januarie 2000:6.

NORTON-HAWK MA
2001. Incarcerating female street prostitutes. *Deviant Behavior: An Interdisciplinary Journal* 22:403-417.

OOSTHUIZEN F AND LOUW C
1988. Klub se meisies sidder. *Die Vaderland* 28 April 1988:1.

PAUW
1994. Let's talk about sex (workers), baby. *Die Suid-Afrikaan* 49:44-46.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
2002. The summary of the South African Law Commission Issue Paper on Adult Prostitution. Project 107. Issue Paper 19:10.

SCHOEMAN L
2002. Kaap van storms en drang: Prostitusie in die moederstad floreer steeds eeue lank. *Die Burger* 14 Mei 2002:7.

SCHOLTZ M
1997. Perspektiewe van beleidmakers en -toepassers oor die wettiging van prostitusie. Ongepubliseerde LLM verhandeling. Departement Kriminologie. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

SNYMAN CR
1999. *Strafreg*. Vierde uitgawe. Durban: Butterworths.

THE OXFORD ILLUSTRATED DICTIONARY
1978. Volumes 1 & 2. Oxford: Bay Books in association with Oxford University Press.

VALERA JR
2000. Violence and post traumatic stress disorder in a sample of inner city street prostitutes. *American Journal of Health Studies* 16(3):149-155.

WATTS C AND ZIMMERMAN C
2002. Violence against women: global scope and magnitude. *The Lancet* 359:1232-1237. London.

WILLIS BM AND LEVY BS
2002. Child prostitution: global health burden, research needs, and interventions. *The Lancet* 359 Issue 9315: 1417.